

Totsiens Aan Gister

[DOWNLOAD HERE](#)

Die tequila queen, die Pretoria-prinses, the one and only, soos die liedjie s. Dit is hoe Zani Calitz haarself graag beskryf. Sy voer 'n sorgelose bestaan in Pretoria as kelnerin wie slegs vir footjies werk. Haar borrelende persoonlikheid en liefde vir gesels sorg egter dat sy nie juis oor geld hoef bekommerd te wees nie. Zani is verlief op Carlos, maar hy soek net vriendskap, want hy en die groot liefde van sy lewe, Yvonne, het reeds 'n standvastige verhouding. Zani probeer hard om van Carlos te vergeet deur drankmisbruik, dwelms, kuier, partytjies en harde werk, baie keer met 'n babelas op die koop toe. Dan raak Zani swanger en moet sy 'n groot besluit in haar lewe neem - 'n besluit wat sy moontlik later erg kan berou. Maar sy druk deur met die besluit wat sy dink vir hr, Zani, tot voordeel sal wees... Zani hervat haar sorgelose, selfgesentreerde lewe, en probeer alles in haar vermo om van Carlos se onbeantwoorde liefde te vergeet, maar dan gryp die Hemelse Vader op 'n drastiese wyse by haar lewe in. Na 'n lang tyd van herstel begin Zani die Here te leer ken, en later ontmoet sy vir Andr, vir wie sy begin liefkry. En tog, nog steeds, kom die ou, egosentriese Zani terug en poog om nie net haar liefdesverhouding met Andr te verongeluk nie, maar ook haar verhouding met die Here... Totsiens aan Gister is 'n Christelike liefdesroman gebaseer op die ware verhaal van Edna Cane se lewe, die eens wilde tequila queen van Pretoria, by wie se lewe die Hemelse Vader ingegryp het, en haar voorheen egosentriese bestaan wonderbaarlik deur Sy groot genade omgekeer het. Totsiens aan Gister is 'n verhaal van oorwinning en 'n nuwe lewe... Meer oor Edna Cane: ----- Edna Cane het grootgeword in Witbank, Mpumalanga, en na skool het sy in haar ouers se winkeltjie gewerk. Sy het daarna vir vyf jaar in Pretoria gebly en gewerk as kelnerin en toe weer teruggekeer na Witbank waar sy verder as kelnerin werksaam was. Na 'n baie ernstige motorongeluk en 'n jaar se herstelproses het sy vir Albertus (Swannie) Swannepoel ontmoet, met wie sy in Maart 2011 in die huwelik getree het. Titel: Totsiens aan Gister Skrywer: Edna Cane Uitgewer: CruGuru Taal: Afrikaans Bladsye: 154 E-boek Tipe: Aflaaibare PDF ISBN:

978-1-920414-60-3

[DOWNLOAD HERE](#)

Similar manuals:

[Totsiens Aan Gister](#)